

**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## NOVEMBER 2012

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:

   AFDELING A: Leesbegrip (30)
   AFDELING B: Opsomming (10)
   AFDELING C: Taal (30)

2. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: ongeveer 50 minute
   AFDELING B: ongeveer 25 minute
   AFDELING C: ongeveer 45 minute

3. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.

4. Beantwoord AL die vrae.

5. Begin ELKE afdeling op ’n nuwe bladsy.

6. Trek ’n streep ná elke afdeling voltooi is.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

8. Laat ’n reël oop na elke antwoord.

9. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

10. Skryf netjies en leesbaar.

eeduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS 1

**Maak dus skerp julle potlode**

1 Ek is in st. 1 (deesdae gr. 3) en dis Vrydagoggend, net ná saal. Juffrou Engelbrecht haal ons skoonskrifskrifte uit. Potlode skerp? vra sy. “Gert Swart (hy is besig om met sy knipmes ’n fyn puntjie aan sy potlood te kerf), nie te skerp nie, jy steek gate in jou boek! Vryf die punt ’n bietjie stomp op ’n stukkie afvalpapier. Nou, klas, onthou, liggies op en donkerder af, en bly netjies tussen die lyntjies ...”

2 Met die jare het my regterhand juffrou Engelbrecht se instruksies begin vergeet, maar die basis van ’n netjiese, leesbare skrif is nog daar: Ek skryf soos ’n opgevoede mens. My handskrif, soos dié van my tydgenote en ’n geslag of twee daarna, is ’n verlenging, ’n uitbreiding, van liggaam en gees. Dit spreek van my karakter, van wie ek is.

3 Ons het mooi leer skryf, nie drukskrif nie, maar aanmekaar, netjies. My grootste bewondering was egter altyd vir die Amerikaanse handskrif. Daardie kinders word ’n bepaalde sierskrif geleer wat nie net goed leesbaar is nie, maar die leser plesier gee. Dit vertel iets van die persoonlikheid van die skrywer. Maar dis aan die verbygaan. Volgens *The Philadelphia Inquirer* gaan langskrif nie meer op skool gedoseer word nie; die kinders moet eerder rekenaarvaardighede aanleer.

4 Rekenaarvaardighede? Verbeel jou!

5 Dit is erg genoeg dat ek omtrent nooit meer ’n brief in die pos ontvang nie. Vonkpos het slakkepos vervang (Fanus se skeppings, dink ek), wat beteken dat die slakkepas van gewoon lééf ook nie meer bestaan nie.

6 Alles moet teen die spoed van lig gebeur.

7 Niemand gaan sit meer soos my ma elke week om haar susters met ’n skryfblok en ’n pen die jongste familienuus mee te deel nie, weliswaar geen aardskuddende nuus nie, maar die gewone klein besonderhede waaruit die daaglikse lewe bestaan.

8 Wat skryf die een mens aan die ander op die rekenaar? Vinnige en (vergeef my) onbenullige kommunikasies op Facebook en Twitter, kort mededelings sonder leestekens en dikwels sonder hoofletters, met korrekte spelling nooit ’n noodsaaklike opsie nie. En wat maak jy daarmee as jy dit klaar gelees het?

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

 Downloaded from eduresourceza.com 

9 In 'n houer in my kas is die briewe wat John voor ons troue vir my van Tanganjika (nou Tanzanië) geskryf het – lewendige beskrywings van sy daaglikse lewe, sy werk as geoloog, staaltjies oor die plaaslike bevolking, klein pensketsies om sy skrywes te illustreer. Persoonlike kommunikasie in 'n herkenbare, mettertyd geliefde handskrif. Ek het tante Bertje van Ranonkelstraat in Rotterdam in die waskamer by die Zimbabwe-ruïnes ontmoet, en sy het 'n lewenslange vriendin geword. Nie meer jonk nie, maar steeds was sy 'n kranige reisiger, en deur die jare het haar poskaarte die huis ingekom – van die Ooste, van Hawaii, van Israel. Poskaarte vol interessante vertelsels in haar hoekige Nederlandse handskrif. Totdat die brief van haar dogter van Rotterdam gekom het om te vertel dat tante Bertje heen is, en my naam op 'n lang lys van mense wêreldwyd is aan wie sy briewe geskryf het.

10 Ek beny my kleinkinders se vaardigheid op die rekenaar, maar as kommunikasiemiddel is dit onpersoonlik en, ja, onbetroubaar.

11 Ek ken 'n professor wat sy studente in hul eerste jaar van doktorale studie nie toelaat om op die rekenaar te skryf nie. Hulle moet 'n potlood gebruik, 'n potlood en 'n uitveër. En 'n leesbare skrif, asseblief. Want die hand werk vinniger as die verstand, en wat jy dan kry (my weergawe) is dit: Twak in, twak uit ...

12 Nou die dag het ek 'n interessante artikel oor handskrif gelees en tot die gevolgtrekking gekom dat handskrif altyd belangrik sal wees. "'n Mens se handskrif is soos jou vingerafdrukke. Nie twee mense het dieselfde handskrif nie," sê mnr. Landman, 'n forensiese handskrifdeskundige van Pretoria met 30 jaar ondervinding. Hy is optimisties dat die gebruik om met die hand te skryf, nooit sal verdwyn nie. Ondanks die tegnologie-ontploffing meen hy skryf sal altyd belangrik bly. "Dink maar aan hoe noodsaaklik dit is om dokumente en kontrakte te onderteken."

13 Hy verwys ook na die duisende jare wat handskrif al deel van die mens se bestaan is. Daar word aanvaar dat die Fenisiese handelaars wat van 1200 tot 900 v.C. bedrywig was, reeds die eerste alfabet versprei het.

14 Talle studies is die afgelope eeu oor handskrif gedoen. Aan die een kant sê Ron N Morris in sy boek *Forensic Handwriting Identification* dat handskrif "eintlik 'n breinfunksie is en die hand, voet of mond bloot net 'n instrument is om opdragte uit te voer wat van die brein kom".

15 In 'n ander boek op my rak, *Handwriting Identification: Facts and Fundamentals* (Roy A Huber en AM Headrick), word handskrif as "'n aangeleerde vaardigheid, 'n komplekse perseptuele motoriese taak" beskryf. Dit word bestempel as een van die gevorderdste prestasies van die mensdom.

16 Maak dus skerp julle potlode, sê juffrou Engelbrecht. En ek stem.

[Aangepas uit *Beeld*, 23 Junie 2003; 25 Julie 2011]

Kopiereg voorbehou Downloaded from eduresourceza.com 

Downloaded from eduresourceza.com

1.1 Watter voorwaarde het Juffrou Engelbrecht gehad vir haar leerders voordat hulle in hul skoonskrifskrifte moes skryf? (1)

1.2 Waaruit kan jy in paragraaf 1 aflei dat die skrywer in die eerste helfte van die vorige eeu op skool was en watter belangrike beginsels oor die handskrif van ’n opgevoede mens het hulle in daardie jare geleer? (2)

1.3 Wat is die hoofgedagte van paragraaf 2? (1)

1.4 Noem TWEE redes waarom die skrywer Amerikaanse handskrif bewonder. (2)

1.5 Bespreek na aanleiding van paragraaf 3 of die aanleer van rekenaarvaardighede belangriker is as die aanleer van langskryf. (2)

1.6 Lees paragraaf 4 weer.

Watter ingesteldheid teenoor die aanleer van rekenaarvaardighede word deur die woorde *Verbeel jou!* oorgedra? (1)

1.7 Die skrywer gebruik die woord *slakkepos*. Wat is dit volgens haar? (1)

1.8 Watter woord in paragraaf 5 kontrasteer met die inhoud van paragraaf 6? (1)

1.9 Wat is die inhoud van handgeskrewe briewe volgens die skrywer? (1)

1.10 Facebook en Twitter bevat onbenullige kommunikasies (paragraaf 8).

Is die stelling hierbo ’n feit of ’n mening? Motiveer jou antwoord deur ’n frase uit paragraaf 8 aan te haal. (2)

1.11 Wat bedoel die skrywer wanneer sy sê dat John se briewe in ’n *mettertyd geliefde handskrif* (paragraaf 9) geskryf is? (1)

1.12 Hoe het John sy briewe visueel interessant gemaak? (1)

1.13 Wat beteken dit as tante Bertjie *heen* (paragraaf 9) is? (1)

1.14 Wat suggereer die woorde *Twak in, twak uit ...* ten opsigte van handskrif? Gee jou mening oor die effektiwiteit van hierdie woordkeuse? (3)

1.15 Hoekom is mnr. Landman optimisties oor die gebruik van handskrif? (1)

1.16 Bewys uit die teks dat die vermoë om te skryf al baie jare lank bestaan. (1)

1.17 Handskrif is ’n belangrike sleutel waarmee die mens sy denke uitdruk.

Bespreek of hierdie stelling binne teksverband geloofwaardig is of nie. Motiveer jou keuse met DRIE bewyse. (3)

1.18 Hoe sluit die slotparagraaf by die inhoud van die teks aan? (1)


Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## TEKS 2

**Zitts**

**RAAMPIE 1** **RAAMPIE 2** **RAAMPIE 3** **RAAMPIE 4**



[Aangepas uit http://www.blackbagsupport.com]

1.19 Watter afleiding maak jy oor die skrif wat in raampie 1 en 2 gebruik word? (1)

1.20 Dink jy die kunstenaar se voorstelling van die pa se houding teenoor rekenaars in raampie 4 is funksioneel? Motiveer jou antwoord. (1)

1.21 Haal 'n frase uit paragraaf 9–10 van TEKS 1 aan wat by TEKS 2 aansluit. Motiveer jou keuse. (2)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou Downloaded from eduresourceza.com 

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

- Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van SEWE interessante feite oor **die geskiedenis van Coca-Cola tot 1971**.
- Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) puntsgewys of in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
- Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
- Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

### Coca-Cola gewild van die intrapslag

Daar is kenners wat meen die woord Coca-Cola is naas oukei die bekendste woord ter wêreld. Of dit so is, weet niemand nie, maar een ding is seker: Coca-Cola het op 'n vreedsame manier die aardbol gekoloniseer. Hierdie bekende handelsnaam is seker van die suksesvolste handelsname ter wêreld. Jy sal dit in die hartjie van 'n township of in die deftigste restaurant kan koop.

Dr. John Pemberton, 'n apteker van Atlanta, het dit in Mei 1886 ontwikkel. Hierdie konkoksie van 'n hele klomp bestanddele het hy in 'n driebeen-koperketel in sy tuin gebrou. Dit was sy boekhouer, Frank Robinson, wat die bekende logo, wat tot vandag toe nog dieselfde is, ook in daardie jaar ontwerp het.

Die sukses van Coca-Cola lê in die feit dat hulle hul mark ken en weet hoe om hulle produk te adverteer – 'n kuns wat hulle by die slim sakeman en apteker, Asa Candler, geleer het. Hy het die potensiaal van hierdie koeldrank raakgesien en die Coca-Cola-formule in 1887 vir $2 300 by Pemberton gekoop. Aanvanklik is hierdie koeldrank net in 'n koeldrankmasjien in 'n apteek in Atlanta verkoop. Danksy baie slim advertensies, bemarking en verspreiding van die drankie was die drankie gou orals in Amerika en Kanada gewild. Teen die 1900's het die bemarkers die stroop aan onafhanklike gelisensieerde maatskappye verkoop.

Mense het orals in winkels rondom toonbanke Coca-Cola uit glase met baie ys gestaan en drink. Die bemarkers het besef dat hulle iets moet doen om die koeldrank nog meer toeganklik en wegneembaar te maak. 'n Kompetisie, wat deur Earl R Dean gewen is, is in 1916 van stapel gestuur vir die ontwerp van die ikoniese botteltjie wat dadelik deur mense, selfs in die donker, herken sou word.

Coca-Cola is die mees geadverteerde produk ter wêreld en die maatskappy, met sy 33 000 werknemers, is die grootste vervaardiger van koeldrank. Hulle gebruik graag musiek in hulle advertensies en so het die liedjie *I'd Like to Teach the World to Sing* in 1971 'n wêreldwye treffer geword.

Die oorspronklike resep van Coca-Cola word volgens gerugte in 'n brandkluis in Atlanta bewaar.

[Aangepas uit *my tyd*, 13 Februarie 2011]

**TOTAAL AFDELING B: 10**


Downloaded from eduresourceza.com

 Downloaded from eduresourceza.com 

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 3

Lees die tekste hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae.

### TEKS 1: KOERANTARTIKEL

**Beter prestasie as tiener later slaap**

1 Tieners in Suid-Afrika se skooldag behoort later te begin sodat hulle wakkerder kan wees en hulle konsentrasievermoee beter kan wees.

2 Dit is die mening van dr. Alison Bentley, erenavorser by Wits en oudonderwyser. Hy het hierdie mening uitgespreek in reaksie op die nuutste navorsing in die VSA oor die voordele wat ’n skooldag wat later begin, inhou.
’n Klein, onafhanklike skool in Rhode Island het vir navorsing die skooldag twee maande lank ’n skrale halfuur later begin.

3 Periodes, saalbyeenkomste en buitemuurse aktiwiteite is met 5 tot 10 minute verkort, sodat die skooldag nie later geëindig het nie.

4 In dié tyd het navorsers bevind dat dié 201 gr. 9- tot 12-leerlinge wat aan die opname deelgeneem het, meer gemotiveerd en minder vaak en depressief was.

5 Bentley beweer dat wanneer kinders hulle tienerjare bereik, hul liggaamsritme verander; gevolglik daal hul liggaamstemperatuur nie meer teen 21:00 nie, maar eers drie uur later.

6 “Dit is ’n biologiese verandering en nie een van gewoonte of houding nie,” sê Bentley.

7 Dit beteken tieners word eers baie later vaak en kan soms so laat as 01:00 eers aan die slaap raak.

8 “Om hulle om 06:00 wakker te maak, beteken hulle het nog nie genoeg slaap gehad nie, maar ook dat hulle voel soos iemand wat 04:00 wakker gemaak is.

9 Tieners is dus die eerste uur en ’n half van die skooldag nie op hul beste nie. Ironies genoeg is dit juis wanneer baie skole se roosters voorsiening maak vir vakke soos Wiskunde omdat hulle dink tieners is dan op hul skerpste.

[Aangepas uit *Rapport*, 18 Julie 2010]

3.1 Identifiseer die woord wat in paragraaf 1 verkeerd gespel is en skryf dié woord korrek oor. (1)

3.2 Skryf die afkorting *dr.* in paragraaf 2 in woorde. (1)

Kopiereg voorbehou Downloaded from eduresourceza.com 

 Downloaded from eduresourceza.com 

3.3 Gebruik die volgende uittreksel uit die *HAT* (2011) om die vraag te beantwoord:

> **skraal** b.nw. en bw. **1** Maer, dun: *So 'n skraal kêreltjie. Rietskraal.* ▽*Sy gesig is skraal sonder om benerig te wees, sy neus geboë sonder dat 'n mens dit krom kan noem* (François Bloemhof). **2** (*w.g.*) Met min vet; maer: *Skraal kos, dieet.* **3** Nie oorvloedig nie; karig: *Ons leef maar skraal.* **4** Onvrugbaar, dor: *Die grond is skraal.* **5** Armsalig: *'n Skrale troos.* **6** Min, weinig in getal: *'n Skrale opkoms by bidure. 'n Skrale meerderheid in die verkiesing behaal.* **7** (*van die weer*) Koud en droog, guur: *'n Skraal luggie waai van die see se kant af.* ▽*Sy oë traan van die skraal windjie* (Boerneef). **skraal: -heid, -te. skra'lerig**.
>
> [Uit: *HAT*, 2011, bl. 1 026]

3.3.1 Watter betekenismoontlikheid van *skraal* is van toepassing in paragraaf 2? (1)

3.3.2 My inkomste is min en karig.

Hoekom is die frase *min en karig* NIE 'n voorbeeld van kontaminasie NIE? (1)

3.4 Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.4) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Die betekenisfunksie van *ver-* in die woord *verkort* (paragraaf 3) is …

A korter.
B maak.
C nie.
D weer. (1)

3.5 Gebruik die vergrotende trap van *vaak* (paragraaf 4) in 'n sin sodat die betekenis duidelik blyk. (1)

3.6 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies:

*Dit is 'n klein (verandering) en nie een van gewoonte of houding nie.* (1)

3.7 Gee 'n antoniem vir *tieners* in paragraaf 7. (1)

3.8 Gebruik jou kennis van spelreëls om die tyd in paragraaf 7 te skryf sonder om syfers te gebruik. (1)

3.9 Gee 'n sin van jou eie waarin jy die homofoon van *dink* (paragraaf 9) gebruik sodat die betekenis daarvan duidelik blyk. (1)

**EN**

 Downloaded from eduresourceza.com 

Downloaded from eduresourceza.com

**TEKS 2: ADVERTENSIE**

1 # Potchefstroom-lughawe

2 ## Ons is in die wolke!

3 

**In 2010**
- **was Suid-Afrika gasheer van die wêreld se grootste sokkergeleentheid.**
- **het Europa se topsokkerspan in Potchefstroom tuisgegaan.**
- **het hulle by die splinternuwe Potchefstroom-lughawe geland ...**
- **het hulle as kampioene vertrek!**

4 **In 2010**
- **is Potchefstroom aangewys as die beste stad in die Noordwes-provinsie.**

5 **Kom kyk nou hoe ons tot die beste stad in Suid-Afrika uitstyg:**

6 * Beste sportgeriewe
* Beste omgewing, skoon drinkwater
* Groeiende ekonomie, aantreklike beleggingsgeleenthede en 'n belowende toerismemark.

7 **Potchefstroom, waarheen mense met drome en verwagtinge kom en waar hulle as kampioene en oorwinnaars die stad verlaat!**

[Aangepas uit *Beeld-bylaag*, 10 Augustus 2010]

3.10 Watter konnotasie word aan *Ons is in die wolke* geheg? (1)

3.11 Skryf in die toevoegende wyse:

*Kom kyk nou hoe ons tot die beste stad in Suid-Afrika uitstyg.* (1)

3.12 Dink jy die volgende sin in die advertensie is 'n regverdige uitlating teenoor ander stede in Suid-Afrika? Motiveer jou antwoord.

*Potchefstroom, waarheen mense met drome en verwagtinge kom en waar hulle as kampioene en oorwinnaars die stad verlaat!* (1)

3.13 Watter implisiete boodskap dra die advertensie rakende Potchefstroom oor? (1)

3.14 Hoe skakel die vliegtuig by die advertensie in? (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


3.15 Vorm 'n veelvoudige sin deur die twee onderstreepte gedeeltes in paragraaf 3 saam te voeg. (1)

3.16 Haal 'n woord uit paragraaf 6 aan wat 'n toeris sal oorreed om Potchefstroom te besoek. (1)

3.17 Brei die volgende sin deur middel van 'n bywoordelike bepaling uit:

*Europa se topspan gaan in Potchefstroom tuis.* (1)

3.18 Skryf 'n onvoltooide deelwoord uit paragraaf 6 neer. (1)

3.19 Skryf die onderwerp van die volgende sin neer:

*In 2010 was Suid-Afrika gasheer van die wêreld se grootste sokkergeleentheid.* (1)

**EN**

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## TEKS 3: STROKIESPRENT




[Aangepas uit *Ben, Babsie en Familie*, Human en Rousseau, 1982]


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3.20 Skryf die onderstreepte sin in raampie 1 in die direkte rede. Begin die sin met Sy *vra: ...* (1)

3.21 Wat bedoel die pa in raampie 2 as hy sê hulle het al *vir mekaar ogies gemaak*? (1)

3.22 Herskryf die onderstaande sin as ’n bevelsin:

*Moet ons hulle maar laat maak net soos hulle lus het?* (1)

3.23 Watter woordsoort is *skoon* in raampie 4? (1)

3.24 Motiveer of dit regverdig is dat Pieter in raampie 13 na homself as *onvolwasse* verwys. (1)

3.25 Skryf die sin in raampie 7 in die passief/lydende vorm. (1)

3.26 Waarom is die uitroeptekengebruik in die strokiesprent geslaagd? (1)

3.27 Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.27) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

*Langtand* (raampie 11) beteken …

A vreugdevol.
B gewillig.
C lustig.
D teësinnig. (1)

3.28 Gebruik die hulpwerkwoord *kan* in raampie 12 as ’n selfstandige naamwoord in ’n sin sodat die betekenis duidelik blyk. (1)

3.29 Hoe ondersteun Pieter se lyftaal sy woorde in raampie 13? (1)

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**


Downloaded from eduresourceza.com